

HOE WERK TAAL IN HUISHOUDINGS WAAR MA EN PA SE MOEDERTAAL VERSKIL?

“Twee tonge het ek...”



LIELA EN CHRIS GROENEWALD.

Die tendens om jou kinders slegs in 'n universele taal soos Engels groot te maak, het vir talle ouers afgesaag geraak. Hulle kies om hul kinders eerder in meer as een taal te speen en moedig grootouers aan om in hul moedertaal met die kleingoed te praat.

Die blogger Johann van Staden beskryf sy moedertaal as die mooiste taal ter wêreld. In Afrikaans kan hy lawaai maak, vry, kwaai word en “jou braai”.

“Ek vra niemand om my taal te

beskerm nie, maar gun my my taal,” sê hy. “Ek sal haar lewe gee, en help om te groei en om te bly. En om mooier en mooier te word. Want Afrikaans is my taal. En ek is mos lief vir my taal.”

Liela Groenewald, musikant en sosiologie-dosent, beoefen haar moedertaal, Afrikaans, terwyl haar man, Chris, slegs in sy moedertaal, Engels, met hul twee kinders, Malaika (10) en Nicolas (4), praat. Reeds voordat die kinders gebore is, het hulle begin oefen om elkeen in

sy eie taal met mekaar te praat. “Ons ouers het altyd probeer om ons te akkommodeer deur die ander een se moedertaal te praat,” sê Liela. “Ons het hulle egter gevra dat elkeen liever sy eie moedertaal met die kinders praat.”

Stefanie Dose, 'n Duitser en linguistiek-dosent, praat slegs Duits met haar eenjarige seun, Connor. Haar man, Pieter, beoefen weer net sy moedertaal, Engels.

Sam Savage, eienaar van 'n vakansieoord, is in dieselfde bootjie as die Groenewalds. Haar man, Steve, praat net Engels met hul twee dogters, Saffron (11) en Jasmine (8). Sam praat net Afrikaans met hulle.

Was julle ooit bekommerd dat jul kinders deurmekaar sal raak?

Sam: Die kinders meng wel nou en dan hul tale, maar hulle kan duidelik onderskei. As hulle met Ouma praat, is die taal byvoorbeeld baie suiwer Afrikaans, maar met Mamma kom hulle meer met *slang* weg. *Granny* kan glad nie Afrikaans verstaan nie, dus moet hulle suiwer genoeg wees saam met haar.

Liela: Snaaks genoeg, die kinders het ons al vanaf babatjietyd verstaan. Hulle het nooit deurmekaar geraak oor hul pa een taal en ek 'n ander taal praat nie. Met oefening is dit nie meer werk om 'n taal te praat nie.

Stefanie: Ek het dit aan die begin vreemd gevind om slegs Duits met my seuntjie te praat – daar is





STEFANIE EN
PIETER
SAAM MET
HUL SEUN,
CONNOR.



niemand anders hier met wie ek kan praat nie. Dis die nadeel. Ons glo egter dit is goed vir ons kind se kognitiewe ontwikkeling om twee tale te praat. Wie weet, dalk besluit ons kinders om eendag in Duitsland te gaan bly of werk.

Hoe moeilik is dit as man en vrou verskillende tale praat?

Sam: Ek en my man het altyd elkeen sy eie taal met mekaar gepraat. Hy verstaan Afrikaans goed, maar verkies om homself in Engels uit te druk. Ek verkies weer die teenoorgestelde. Dit is 'n perfekte reëling, want die kinders kan in beide tale dink en dit verbeter hul verstandelike kapasiteit. Die kinders gaan na 'n Engelse skool, maar kry toppunte in Afrikaans.

Liela: Kommunikasie in die huishouding speel 'n belangrike rol. Jy moet bewus wees van hoe jy praat en nie tale meng nie. Een volwassene moet by een taal bly. As dit byvoorbeeld slapenstyd is, sal ek 'n Afrikaanse storie lees of Chris 'n Engelse storie.

Stefanie: Ek glo dit is 'n goeie besluit om vir Connor meertalig

groot te maak. Behalwe dat ons seuntjie voordeel trek, word ek gedwing om my Duits af te stof. Voorheen het ek dit nie gereeld gepraat nie. My man luister daaglik hoe ek Duits praat en verstaan die taal nou beter.

Daar was seker al heelwat snaakse oomblikke, of hoe?

Sam: My kinders sal soms blomme “plick”. Uie is “eis”, en pruime het “prams” geword. Hulle sal woorde dikwels direk vertaal en sal byvoorbeeld 'n “wild antelope”

(gemsbok of koedoe) en 'n “goat” na die Afrikaanse “bokkie” noem.

Liela: Nicolas sal nou en dan die woordeskat verkeerd gebruik en woorde soos “wat” en “that” omruil. As hy in Engelse geselskap is, sal niemand sê hy is Afrikaanssprekend nie. Destyds toe Malaika nog veel jonger was, het sy gesukkel om “r” te sê, maar 'n spraakterapeut het toe gesê dat sy die woordeskat van 'n negejarige het.

Stefanie: Ek onthou 'n paar weke gelede het ek vir Connor “Schlawiner” (klein rakker) begin noem. Sy pa het nie die woord verstaan nie en ek kon nie dink aan 'n goeie vertaling nie.

Weens die gebrek aan vertalingsekwivalente het sy pa met sy eie “vertaling” vorendag gekom “Schlawiner” beteken “poop face”. Pa noem steeds die arme kind so,

“DEUR MET JOU KIND IN JOU MOEDERTAAL TE PRAAT (TAALVERWERWING), RUS JY DIE KIND DIE BESTE TOE OM LATER ANDER TALE AAN TE LEER.”

want ek het te lank geneem om die regte vertaling van die woord vir hom te gee.

RAAD AAN OUERS

Karien Brits, bestuurder: taalaangeleenthede by die ATKV, sê hul standpunt is dat moedertaalonderrig die belangrikste is en 'n goeie grondslag vir meertaligheid vorm. "Meertaligheid is 'n bate wat ons nog nie naastenby genoeg ontgin het nie.

"Die ATKV ondersteun daarom 'n tweede (of derde) addisionele taal op skool en glo dat meertaligheid tot beter wedersydse verhoudings kan bydra. Dit is waarom ons taalafdeling ook Tswana-klasse vir personeel by die hoofkantoor

aanbied."

Karien meen die beste manier om 'n taal te leer is om dit te hoor. "As jy as ouer onseker is oor jou eie taalgebruik, kan jy seker vir 'n taalopknappingskursus gaan," sê sy. "As jy nie vlot is in die taal wat jy vir jou kind wil aanleer nie, leer die kind eers jou moedertaal aan deur met die kind te praat en stories te lees.

"Daardie kind moet in die samelewing funksioneer en kan nie handboektaal praat nie! Deur met jou kind in jou moedertaal te praat (taalverwerwing), rus jy die kind die beste toe om later ander tale aan te leer."

Sy waarsku as albei ouers Afrikaans is, moet hulle twee keer

dink voordat hulle kinders na 'n Engelse skool stuur. "Dis omdat hulle dink die kinders beter sal leer praat as hulle in die skool is. Hulle moet beslis ook twee keer dink voordat hulle besluit om as Afrikaanssprekendes na Engels oor te skakel."

Karien sê dit mag wees dat die Engels perfek is, maar sy is bekommerd dat 'n hele taalkultuurskat verlore sal gaan. "Die beginsel bly dat 'n mens in jou moedertaal konseptualiseer en 'n tweede of derde taal beter aanleer as een of twee moedertale goed gevestig is." ♡

DEUR MELISSA JAVAN
FOTO'S: WALDO SWIEGERS



SAM EN STEVE
SAAM MET HUL
DOGTERS
JASMINE (LINKS)
EN SAFFRON.